van al die eeue, bely jou geloof – al loop die trane uit jou oë omdat jy aandadig was aan hierdie vreeslike skande van dood en hel. Bely jou geloof in Jesus Christus wat gely het, gestorwe en begrawe is en só die hel ervaar het sodat jý dit nie hoef te ervaar nie.

En haas jou om te kom by die belydenis van hoe Hy toe daarná weer opgestaan het.

## APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.

En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria;

wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is,

gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het;

wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;

wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,

van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.

Ek glo in die Heilige Gees.

Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;

die vergewing van sondes;

die opstanding van die vlees

en 'n ewige lewe.

# GESTORWE EN BEGRAWE IS, EN TER HELLE NEERGEDAAL HET

## Die helse vernedering

Die keerpunt in die Apostoliese Geloofsbelydenis lê by die woorde "neergedaal het na die hel". Nadat ons gesê het dat ons glo in die Almagtige Skepper-Vader, en in sy unieke Seun, ons Here Jesus Christus wat op Kersfees sondeloos gebore is en wat gely het en deur Pontius Pilatus gekruisig is, sê ons dat Hy daarna gesterf het, en toe begrawe is. En daarna sê hierdie oudste belydenis van alle gevestigde kerke: "Wat neergedaal het na die 'onderwêreld', die doderyk" en ons vertaal die Latynse woord "infernus" met "hel".

Dit is 'n baie interessante sinsnede – ook een van die jongstes; hy het laaste bygekom. Hierdie woorde is na alle waarskynlikheid daar ingeskryf op grond van 1 Pet. 3:19 waar gesê word dat Jesus na sy dood aan die "geeste" in die gevangenis sy oorwinning gaan verkondig het. (Op hierdie een skrale teks het die Rooms-Katolieke Kerk sy hele leer van die vagevuur (limbo) gebou – wat met reg deur die Hervorming verwerp is.) Die Lutherane beskou hierdie neerdaling na die onderwêreld as die eerste stap van Jesus se verhoging, sy triomf, maar óns belydenisskrifte verstaan "neergedaal na die hel" as 'n samevatting van al Jesus se lyding en vernedering. Ons het gemeen dis nie verantwoord om so 'n ingrypende betekenis te heg aan net één teks, wat ook anders uitgelê kan word nie. As ons dus sê: Wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig, gestorwe en begrawe is, vat ons dit alles saam, ál hierdie lyding, met hierdie woorde: só het Hy dan neergedaal na die hel.